Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

PGDip Beroepsrehabilitasie (10220009)

Minimum duur van studie	1 jaar
Totale krediete	120

Programinligting

Let wel: Aangesien die program elke tweede jaar aangebied word, moet die aanvang van studie in oorleg met die departementshoof uitgeklaar word.

Toelatingsvereistes

- Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies, is die BArb-graad of gelykwaardige kwalifikasie asook registrasie as Arbeidsterapeut by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika ’n vereiste vir toelating.
- ’n Student moet minstens ’n deeltydse pos beklee wat deur die departementshoof as toepaslik vir die betrokke studierigting beskou word.

Eksamens en slaagvereistes

Die eksamens in die voorvereiste vakke word afgeneem in die volgorde soos deur die departementshoof bepaal na gelang van die hoofvak wat ’n student volg.

Slaag met lof

Die diploma word met lof uitgereik aan ’n student wat ’n gemiddelde van minstens 75% in al die vakke behaal het.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Beroepsrehabilitasie 701 (BRH 701) - Krediete: 30.00
Finansiële administrasie 703 (FIA 703) - Krediete: 30.00
Groepe in arbeidsterapie 702 (GRA 702) - Krediete: 30.00
Werkstudie 702 (WSD 702) - Krediete: 30.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.